het.

Het u wat leiers was daar in die hostel, het u die aangeleentheid bespreek? -- As komiteelede het ons mekaar gevra. Dit was nadat die polisie die plek verlaat het. Ons het toe vrae gevra. Ons wou geweet het of enige persoon wat 'n inwoner is enige kennis dra van die voorvalle.

Aan wie het julle dit gevra? -- Al die inwoners daar.

Maar het julle nou een-vir-een na elke inwoner gegaan, of hoe het julle nou gemaak om die vrae te vra? -- Ons het daar bymekaar gewoon vanaf die 18de want die polisie het 'n wag op ons gehou. Ons kon nie meer uitgegaan het, selfs om werk toe te gaan, of om te gaan eet nie. Ons het altyd op die terrein by mekaar gebly.

Meneer die vraag, op welke wyse julle, of by watter geleentheid julle die persone gevra het of hulle kennis dra van die gebeure. Het julle een-vir-een die inwoners ingeroep en gevra, of het julle op 'n vergadering al die inwoners toegespreek, of wat? -- Ons was deurgaans bymekaar daar op die terrein en ons het toe gevra wie van hulle het kennis van so 'n voorval.

Toe u dit nou gevra het, was dit sommer daar in die binneplein waar groepies van die inwoners bymekaar gestaan het of waar het u so 'n navraag gedoen? -- Daar is 'n plek. Dit is 'n terrein van die stadion.

Het julle die inwoners bymekaar geroep vir 'n vergadering en toe die vrae gevra? -- Ons het altyd daar saam gesit en ons wat die lede is van die komitee het toe hierdie vrae aan hulle gestel, "manne, wie van julle het kennis van hierdie voorval?".

Was dit terwyl julle almal saam in die stadion vergader was? -- Ja.

En/...

En wanneer was dit? -- Toe die vraag gevra was?

Ja mnr Ntuli. -- Dit was op die stadium toe ons die geleentheid gekry het om alleen te wees, toe die polisie buite gegaan het en dit was nadat die polisie gesê het dat ons moet mekaar uitkies en ons moet skuld erken. Niemand het erkennings, 'n erkenning gemaak nie.

Was die vergadering dus op 18 Junie 1992? -- Ja.

Hoe laat op die 18 Junie? -- Ek is van mening dat dit was in die namiddag gewees, nadat ons vanaf Vanderbijlpark teruggekom het vir die verklarings wat gemaak is, in die omgewing van sesuur.

Was dit al donker toe die vergadering gehou is? -- Ja.

Ek het nie verdere vrae aan die getuie nie.

<u>HERONDERVRAGING DEUR MNR BOTHA</u>: Mnr Ntuli, indien u self kennis sou gedra het dat enige van die inwoners van die KwaMadala Hostel betrokke was by hierdie voorval, wat sou u gedoen het? -- Ek sou vir hulle gaan rapporteer het.

Is dit so dat u soms in die uitvoering van u pligte van die inwoners van die hostel moet rapporteer? -- Ja.

Ten opsigte van die verklaring waarna u verwys is wil ek u net vra, kan u spesifiek onthou wanneer u die verklaring gemaak het aan die polisie? Kom ek net vir u só stel, die voorval het op die Woensdag plaasgevind, 17 Junie 1992, dan wil ek u net vra wanneer, volgens wat u kan onthou, het u 'n verklaring gemaak aan die polisie? -- Ek het 'n verklaring gemaak die oggend van die 18de.

Ja. -- Nee, verskoning, die 18de was die Donderdag... (tussenbei)

M'm. -- ...dit was die oggend van die 19de.

En waar was die verklaring afgeneem? -- By Vereeniging

asook/...

asook by Vanderbijlpark.

M'm. So is daar meer as een verklaring van u geneem wat u kan onthou?

TOLK: Die getuie wys met sy vinger. -- Dit was twee. Miskien was dit drie gewees, want daar is ook een geneem in 'n kamer.

MNR BOTHA: Dankie u edele.

GEEN VERDERE VRAE

MNR BOTHA: U edele, die volgende getuie kan wel nou geroep word. Ek sit egter met 'n enkele probleem ten opsigte van een van die beskuldigdes wat ek graag sou wou naspeur. Beskuldigde 11, hy is sedert Saterdag in hegtenis en ek kan nie vasstel op grond waarvan dit is nie, ek het nog nie geleentheid gehad om met hom te konsulteer nie. Die feit is, hy is in hegtenis en hy het nog nie in 'n hof voorgekom nie en ek is nie seker op watter aanklag of waarvoor hy aangehou word op hierdie stadium nie. Ek meen dit is 'n belangrike aspek wat ek graag wil die geleentheid - ek merk daar is nog 'n uur oor. Wat gebeur is, hy word aangehou in Vanderbijlpark en nadat die hof verdaag, vertrek die bus en hy gaan saam met die ander mense. Benewens dit, as u my daardie vergunning sal gee, vir die res van die agtermiddag om... (onvoltooid)

HOF: Wat is u houding?

ME DE JAGER: Ek het nie beswaar nie u edele.

HOF: Die hof sal verdaag tot tienuur môre-oggend.

**HOF VERDAAG - HOF HERVAT OP 20 JANUARIE 1994**

HOF: Ja mnr Botha?

MNR BOTHA: Mag dit die hof behaag u edele. Ek is te blameer vir vanoggend se vertraging. Ek vra verskoning daarvoor. Vervolgens roep die verdediging beskuldigde 9, mnr Mkhize.

Applicant (2)

**BHEKINKOSI MBHEKISENI MKHIZE,** **v.o.e. (deur Tolk)**

ONDERVRAGING DEUR MNR BOTHA: Mnr Mkhize, is dit korrek dat u 38 jaar oud is? -- Ja.

En dat u afkomstig is van Mahlabatini in Natal? -- Ja.

En dat u slegs skoolgegaan het tot standerd drie, is dit reg? -- Ja.

Is dit korrek dat u in 1975 u intrek in die Sebokeng Hostel geneem het? -- Ja.

En dat u werksaam was te Asko in die Vereeniging, die firma Asko, A-S-K-O, in Vereeniging as 'n arbeider vanaf 1975 tot 1982? -- Ja.

Is dit ook korrek dat vanaf 1982 u werksaam was by die firma Metal Box, waar u as 'n boodskapper gewerk het? -- Ja.

En dat u daar werksaam was tot en met 1990, is dit korrek? -- Ja.

Is dit ook korrek dat u saam met beskuldigde 2, mnr Buthelezi in die Sebokeng Hostel gewoon het? -- Ja, maar ek het vir hom op 'n latere stadium waargeneem.

Is dit so dat u uit die Sebokeng hostel uitgetrek het gedurende 1990? -- Ja.

Wat was die oorsaak daarvan, wat het aanleiding gegee daartoe? -- Ons het 'n vergadering gehad in Sone 7 en nadat ons teruggekom het vanaf die vergadering, toe ons by die hostel aankom, het ons toe gevind dat ons mede-inwoners, tesame met die lede van die ANC, keer vir ons om nie die hostel binne te gaan nie.

Watse vergadering was dit gewees waarna u verwys? -- As ek reg onthou, moontlik begaan ek 'n fout, het ons die vergadering gehou omrede daar was van ons mense wie se huise afgebrand was deur die lede van die ANC en by die vergadering wou ons

om verskoning gaan vra en ons het ook aangebied dat ons vergoedings kan maak.

Nou as u sê "van ons mense" se huise is afgebrand, na wie verwys u? -- Ek verwys na die Zoeloes. En ander lede van Inkatha.

Uself, is u 'n lid van Inkatha? -- Ja.

Was u voorheen 'n lid van die ANC gewees? -- Ja.

Waarom het u vanaf die ANC na die Inkatha-party oorgestap? -- My eerste rede dat ek die ANC verlaat het was dat met hulle wegbly-aksies kon ons nie werk toe gegaan het nie.

Ja? -- Tweedens, het hulle veroorsaak dat ons 'n staking moet maak by die firma.

HOF: Dat ons wat?

TOLK: 'n Staking moet maak by die firma u edele.

MNR BOTHA: Daarna het ek my werk verloor by Metal Box. Tot op hierdie stadium is ek werkloos. Daarna het hulle toe omgedraai en gesê, enige persoon wat 'n Zoeloe is, wil hulle nie meer hê nie. En laastens het hulle vloekwoorde geuiter aan mnr Buthelezi en mnr Buthelezi is my koning. Hulle het na hom verwys as 'n hond.

Nou is dit so dat u dan ook gedurende 1990 u intrek in die KwaMadala Hostel geneem het? -- Ja.

En op daardie stadium was u werkloos? -- Nee.

Watse werk het u gedoen? -- Met my aankoms by KwaMadala Hostel het ek besluit dit sal beter wees ek drank verkoop, asook klerasie. Op daardie stadium mnr Mthembu het pogings aangewend om werk vir ons te kry by Yskor.

Dit is nou beskuldigde 73? -- Ja, Moses.

En intussen het u 'n besigheid bedryf daar by die KwaMadala Hostel? -- Ja.

Het/...

Het u, gedurende u verbly by die KwaMadala Hostel enigsins 'n posisie beklee op enige van die komitees daar? -- Nee.

Is u enigsins in 'n tradisionele sin 'n leier? -- Tradisioneel is ek wel 'n leier.

So is dit korrek dat u tradisioneel beskryf sou word as 'n indoena? -- Ja.

Nou die aand van 17 Junie 1992, waar was u gewees, dit is nou die aand van die aanval in Boipatong? -- Ek was by die hostel.

Hier was getuienis gewees dat u daardie aand van 17 Junie 1992 die mense bymekaar geroep het en hulle toegespreek het in die stadion en vir hulle gesê het dat hulle Boipatong toe moet gaan en wapens moet kry. -- Ja, ek het dit gehoor.

Daar was verder getuienis dat u die mense gelei het na Boipatong en dat u in Boipatong vir die mense aanwysings gegee het, of net buite Boipatong vir die mense gesê het hulle moet in twee groepe verdeel. Het u dit... (tussenbei) -- Ek het dit gehoor.

Daar was getuienis dat u die een groep in Boipatong ingelei het en dat in Boipatong u op 'n stadium ook vir die mense gesê het hulle moet nou uit die huis ingaan. -- Ek het dit gehoor.

En daar was ook getuienis dat voor die mense nou uit die hostel uit is, u vuurwapens uitgedeel het en u self 'n AK 47 by u gehad het. Het u dit gehoor? -- Ek het dit gehoor.

Daar was ook getuienis dat na afloop van die aanval in Boipatong u in die hostel die mense in die stadion bymekaar geroep het en gesê het, nou moet daar gesoek gaan word na die mense wat nie saamgegaan het nie. -- Ek het dit gehoor.

Toe was daar getuienis dat voordat, voor hierdie aand van

17 Junie 1992 en dit is so 'n week of twee weke voor dit, was daar ook 'n vergadering wat u vir die mense gesê het, daar sal nog 'n ding kom, hulle moet hulle reg hou.

Het u dit gehoor? -- Ja.

Wat is u kommentaar op hierdie getuienis? -- Ek beskou dit soos 'n groot fout.

Wat sê u, is die getuienis waar of vals? -- Dit is net vals.

Hoekom sê u so? -- Want by alles wat gesê is in die getuienis, ek dra geen kennis van nie eers een feit daarvan nie.

Nou u sê dat u die aand van 17 Junie was u in die hostel, waar in die hostel was u? -- Ek was by nommer 2011. Dit is waar ek geslaap het, want ek doen my verkope by 18.

Nou die dag na die 17de, die aand van die 17de, op 18 Junie, die volgende dag, die Donderdag, wat het toe gebeur? -- Die oggend op die dag, ek is nie meer seker van die tyd nie, het mnr Mthembu vir ons kom roep en hy het kom meedeel dat daar is 'n groep mense wat blykbaar vanaf uit Boipatong kom om 'n aanval op ons te kom loods. Ek onthou dat ek vir hom 'n vraag gevra het, waar kry hy die inligting en hy het toe my meegedeel dat hy dit per telefoon ontvang het.

Ja? -- Daarna het ons uitgegaan. Mnr Mthembu het ook gesê dat na bewering is die groep mense by die verkeersligte en toe ons uitgegaan het was die besluit om hulle halfpad te gaan ontmoet as om binne-in die kampong dood te gaan, want in die kampong is daar vrouens en kinders.

Ja? -- Toe ons by die verkeersligte aankom was die polisie daar gewees. Anderkant, in die omgewing van Metal Box, was daar baie mense gewees en ons was aan die duskant, in die nabyheid van Yskor.

Ja/...

Ja en toe? -- Die polisie het toe aan ons gesê dat hulle vir daardie groep mense gaan keer, liewer moet ons terugkeer en hulle, wat die polisie is, sal met daardie groep praat.

Ja en toe? -- Ons het toe teruggekeer en gaan sit.

Wat het verder daardie dag, die 18de, by die hostel gebeur? -- Nee, niks nie, want gedurende die middag het ek weggegaan om my voorraad van klerasie in Johannesburg te gaan koop.

Nou wanneer het u teruggekeer na die hostel toe? -- Ai, ek het nie sekerheid nie, en as ek nie fouteer nie was dit in die omgewing van vyfuur, sesuur.

Toe u nou teruggekeer het by die hostel, wat tref u toe daar aan? -- Ek het polisiebeamptes by die hek aangetref.

Nou hier was ook getuienis gewees van mnr Bojosi wat gesê het dat die Donderdagaand, dit is nou die 18de, was daar 'n vergadering in die hostel gewees wat Themba Khoza en Humphrey Ndlovu toegespreek het. Wat sê u daarvan? -- Ek ontken dit. Op die 18de, nadat ek daar aangekom het by die hostel, was daar geen vergadering gehou gewees nie, behalwe in my afwesigheid gedurende die middag, kon daar 'n vergadering gewees het.

Ja? Ja? -- Die dag wanneer ek vir hulle gesien het was die volgende dag toe hulle daar aangekom het.

Wat het hulle daar kom maak by die hostel? -- Wat ek kan onthou, nadat hulle daar aangekom het, het hulle kom meedeel dat hulle boodskap ontvang het dat ons is die verdagtes en dit is die rede dat die polisie daar by die hek waggehou het.

Het hulle enigsins vir u gesê, vir die mense daar gesê dat die goedere wat gesteel en geneem is uit Boipatong moet verbrand word? -- Ai, hulle het dit nie gesê nie. Al wat hulle gesê het is dat die polisie gaan op 'n stadium inkom, hulle

gaan/...

gaan deursoek en hulle gaan na al die wapens kyk, na alles wat in die binnekant is. Nadat hy vir die mense so gesê het, het hy aan ons genoem dat hy ook 'n versoek aan die polisie gerig het dat hulle ook mooi met ons moet werk en dat ons moet onsself dan goed gedra en mooi saamwerk met die polisie, want indien ons aggressief teenoor hulle gaan wees, kan hulle ons beseer.

Nou is daar op die 18de, dit is nou die dag na die 17de, die Donderdag, toe u nou Johannesburg toe was, was daar enige stadium toe 'n vergadering gehou waarop daar vir die mense gesê is hulle moet die goedere wat geneem is uit Boipatong verbrand deur byvoorbeeld mnr Mthembu of uself? -- Nee, ek dra geen kennis van dit nie.

U het nou die getuienis hier gehoor dat daar mense vermoor is daardie nag van 17 Junie in Boipatong, vrouens en kinders, in die middel van die nag. Wat sê u daarvan? -- Ek het daardie getuienis gehoor, ek het geen kommentaar nie. Ek het dit nie betwis nie.

Dankie u edele, ek het nie verdere vrae nie.

<u>KRUISONDERVRAGING DEUR MNR VAN ECK</u>: Mnr Mkhize, u het genoem dat beskuldigde 73 het gepoog om vir u werk te kry by Yskor. Kon hy enigsins daarin slaag? -- Nee, hy het nie daarin geslaag nie.

Het u op enige stadium waar u daar in KwaMadala Hostel gebly het, self vergaderings byeen geroep en dit toegespreek? -- Nee, dit het nooit gebeur nie.

Het u enigsins iets te doen gehad met die jong mense, die jeug, van KwaMadala Hostel? -- Die jeug? Nee.

Van die beskuldigdes wat hierso sit, het u hulle almal geken voor u arrestasie of het u van hulle eers na u arrestasie

en/...

en nadat u saam met hulle in die hof verskyn het? -- Ja, van die ander beskuldigdes het ek nie geken nie.

Ek het nie verdere vrae nie, dankie u edele.

KRUISONDERVRAGING DEUR ME DE JAGER: Ek het hier 'n afskrif van 'n verklaring mnr Mkhize, sal u daarna kyk en dat u paraaf op elke bladsy voorkom en u handtekening aan die einde van die verklaring voorkom? -- Ja, ja, ja, ja, ja, ja, ja, ja, ja, ja. (nie deur tolk).

Is dit... (tussenbei)

TOLK: Die getuie sê "ja", vanaf bladsy, die eerste bladsy tot by bladsynommer 9. Op bladsy 10 is - vanaf bladsy 1 tot bladsy 9 is dit sy paraaf en op bladsy 10 is dit sy volle handtekening.

ME DE JAGER: Is dit korrek mnr Mkhize dat hierdie 'n eedsverklaring is wat van u afgeneem is ter ondersteuning van die borgaansoek wat in die landdroshof gerig is, in hierdie saak, die Boipatong-saak, voordat u in die hooggeregshof begin verskyn het? -- Is ek laat teken by die laer hof?

Nee, ek vra of hierdie, hierdie verklaring wat u nou na gekyk het en waar u, u handtekening sien. Is dit 'n verklaring wat u regsverteenwoordigers van u afgeneem het om te gebruik in die laer hof by die borgaansoek? -- Ja, ek kan nie onthou dat ek wel 'n verklaring in die laerhof gemaak het tydens die borgaansoek nie. Al wat ek weet is dat ek het deur by my regsverteenwoordiger 'n borgaansoek gedoen.

Ja, het u vir u regsverteenwoordigers 'n verklaring gemaak, wat u onderteken het? -- Ek kan nie onthou nie.

Mnr Mkhize, ek stel dit aan u dat as deel van die oorkonde van die landdroshofverrigtinge waartydens 'n borgaansoek onder meer aangehoor is, 'n beëdigde verklaring van u ingehandig is

en/...

en deel vorm van die oorkonde. -- Ai, ek kan nie onthou of my regsverteenwoordiger vir my die eed laat neem het nie. Mag ek op hierdie stadium die geleentheid vra, aangesien my regsverteenwoordigers teenwoordig is, dat ek sekerheid by hulle moet gaan maak wat dit betref.

U kan maar eers... (tussenbei)

HOF: Ja, u kan maar gaan seker maak. Die hof sal verdaag vir 'n klein rukkie.

**HOF VERDAAG - HOF HERVAT**

ME DE JAGER: U edele, die beskuldigde het nie met sy regsverteenwoordigers gepraat tydens die verdaging nie. Ek wil aan die hand doen dat dit nie gepas sal wees dat die beskuldigde op hierdie stadium geleentheid gegun word om met sy regsadviseurs te konsulteer nie.

HOF: Wel hy kan net sy geheue verfris oor wat die, of dit 'n dokument is, dit kan hy tog seker doen?

ME DE JAGER: U edele, ek sou aan die hand doen dat die staat verder vrae kan vra.

HOF: Ja, gaan maar voort dan.

**BHEKINKOSI MBHEKISENI MKHIZE, s.o.e. (deur Tolk)**

KRUISONDERVRAGING DEUR ME DE JAGER (VERV.): Ek wil vir u gedeeltes wat in die verklaring voorkom, dan kan u sê of dit die inligting is wat u oorgegee het vir doeleindes van die borgaansoek.

HOF: Ons weet nog nie of dit 'n verklaring is wat hy gemaak net nie juffrou.

ME DE JAGER: U edele... (tussenbei)

HOF: U moet dit nou maar eers bewys.

ME DE JAGER: U edele dan... (tussenbei)

HOF: Ek dog dit sou ooreen gekom word tussen u en die

verdediging/...

verdediging, maar blykbaar word hier niks op ooreen gekom nie, gaan voort en bewys eers die verklaring voor u die verklaring aan hom stel.

ME DE JAGER: As ek net 'n oomblik met my geleerde vriend kan gesels u edele?

BESPREKING WEG VAN MIKROFOON

ME DE JAGER: U edele, op hierdie stadium versoek die staat en die verdediging dat die hof afstaan tot na teetyd, dat ons die aangeleentheid... (tussenbei)

HOF: Gaan voort juffrou... (tussenbei)

ME DE JAGER: Soos die hof behaag.

HOF: ...ek het reeds verdaag en julle het nie daarvan gebruik gemaak nie, gaan voort.

ME DE JAGER: Soos die hof behaag.

Mnr Mkhize, u het gesê dat u in tradisionele sin 'n indoena is? -- Ja.

Beteken dit dat indien julle as groep in tradisionele drag en in tradisionele wapens iewers heengaan, u die groep lei? -- Ja.

In die Zoeloe-tradisie is die indoena die persoon wat die impi lei? -- Ja.

En is hy dus 'n gevegsleier? -- Waarna verwys u as u praat van 'n oorlog?

In tradisionele sin is die indoena die gevegsleier van 'n Zoeloe impi, met ander woorde 'n Zoeloe-mag. -- Dit sal beteken dat u, as 'n Zoeloe-persoon, het daardie kennis, maar tot op hierdie ouderdom van my was ek nog nooit in 'n oorlog betrokke gewees nie.

Mnr Mkhize, in die dae van Shaka, u weet sekerlik, as 'n Zoeloe, van Shaka, nè? -- Ja.

En/...

En u weet dat baie van Shaka se impi's het uitgegaan om gevegte te voer? -- Ja, ek het daarvan gehoor, maar ek beskou dit as stories.

In daardie sin, wanneer Shaka se impi's nou gevegte gevoer het, was hulle, was daar 'n indoena aan hulle hoof? -- Soos ek reeds gesê het, ek het net daarvan gehoor en ek beskou dit as net as 'n droom... (tussenbei)

Ja. -- ...al wat ek kan sê, dit was ook genoem in verskillende boeke en ek is ongeletterd, ek hoor dit van u af, van enige persoon wat dit vir my sê.

Is u mnr Mkhize, 'n indoena as gevolg van die afkoms, of is dit 'n verkose posisie? -- Dit is net 'n posisie wat aan my verskaf is.

Wie het die posisie aan u verskaf? -- Ek kan sê amper al die inwoners wat Zoeloes is by KwaMadala Hostel het vir my die posisie gegee.

Wanneer het u die posisie begin beklee? -- Ek kan nie met sekerheid sê nie. In 1994, seker in 1993, nee, 1992, ja, in daardie tydperk.

Voordat u nou die posisie vervul het, was daar 'n ander persoon wat die rol van indoena vervul het? -- Ja.

Wie was dit? -- Dit was Mtwana prins Zulu.

Wat was u take as indoena presies, toe u nou so aangestel is? -- My pligte was gestel daar is 'n oproep vanaf mnr Buthelezi en die mense moet nou gaan en aangesien ons nou in die woonbuurte gaan stap, my take was om te kyk dat die mense nie by mense se huise ingaan en skade berokken nie, asook om te kyk dat indien 'n persoon smous vir sy eie besigheid, die persoon moet nie gedwing word om soontoe te gaan nie en te kyk dat mense moet nie geïntimideer word om soontoe te gaan as hulle

nie/...

nie, elkeen moet sy keuse uitoefen. Dieselfde gebeur wanneer daar 'n oproep is deur die koning.

Goed. -- Laastens, my taak was om te berispe indien daar enigeen van ons wat 'n twis het met iemand anders, was dit ook my taak om te berispe.

Het u gesag as sulks oor almal in die hostel gegeld? -- Indien daar uitgegaan moet word. Indien ek so 'n probleem kan teëkom by die hostel van twee persone wat 'n twis het nadat ek hulle berispe het, nader ek vir mnr Mthembu en aan hom noem dat so iets het wel gebeur.

U het gesê dat u nou as sulks optree as julle byvoorbeeld woord gekry het om in die woonbuurtes in te beweeg. By welke woonbuurte het julle so ingegaan? -- Het u nie gehoor wat ek getuig het nie?

HOF: Antwoord die vrae en moenie terug-vrae vra nie. -- Ek het getuig dat in meeste gevalle, indien ons uitgegaan het, moet ons vanuit die busse uitklim, waar dit stilgehou het voor stadions en gewoonlik hierdie stadions is geleë in die woonbuurte en dit is my taak om te kyk dat die mense nie die persele binnegaan en skade gaan doen nie.

ME DE JAGER: Ek verstaan u dus reg, dit is op pad na vergadering en die tipe van byeenkomste waar u soms noodgedwonge deur woonbuurtes moes beweeg? -- Ons is nie noodgedwonge nie, want ons is altyd binne-in die busse. Maar as gevolg van die "meerderheid" van die busse is dit soms noodsaaklik om af te klim, ver van die plek... (tussenbei)

Ja. -- ...en daarom is dit noodsaaklik om deur die woonbuurt te beweeg tot by daardie punt.

HOF: Die hof sal verdaag vir 15 minute.

**HOF VERDAAG - HOF HERVAT**

**BHEKINKOSI MBHEKISENI MKHIZE, s.o.e. (deur Tolk)**

KRUISONDERVRAGING DEUR ME DE JAGER (VERV.): Mnr Mkhize, as indoena, as julle so uitgaan, soos u voor die verdaging aan die hof verduidelik het, is u ook verantwoordelikheid vir die veiligheid van u manne? -- Ja.

Het dit ooit gebeur dat wanneer julle so noodgedwonge deur strate van woonbuurtes moet stap, dat daar 'n aanval op julle geloods is? -- Nee, ek kan nie onthou dat dit ooit in my teenwoordigheid gebeur het nie, want in meeste gevalle, wanneer ons uitgaan, is die polisie ook teenwoordig om dit alles dop te hou.

Het dit ooit gebeur dat julle op die wyse op pad was na 'n vergadering en dat julle deur Tshirella of Boipatong noodgedwonge moes beweeg? -- Dit was net een keer gewees, maar ek was nie by gewees nie, ek was na my tuisland om 'n begrafnis te gaan bywoon van 'n lid van ons, maar ek het gehoor dat op daardie stadium was die polisie teenwoordig.

Was daar na u wete in die tydperk voor 17 Junie 1992 onluste daar in Boipatong? -- Ja, onluste was daar gewees, behalwe Boipatong ek kan sê amper by al die swart woonbuurte in die Vaal.

Nou waarteen was die onluste gemik, weet u uit - kan u vir die hof sê? -- Na my kennis wat die onlus betref, dit was lede van die ANC wat nie lede van die Inkatha wou gehad het nie, selfs van die PAC se lede het onder mekaar baklei. Daardeur bedoel ek dat elke organisasie in die Vaal, het sy eie besluite geneem en hulle was nie met mekaar op goeie voet nie.

Was die woonbuurte, na u kennis, in daardie tydperk voor 17 Junie 1992 deur die sogenaamde "comrades" opgepas snags? -- Ja.

Boipatong ook na u kennis? -- Ek sê al die woonbuurte was daar wag gehou.

Was die wagte gewapen? -- Na my mening, geen persoon kan waghou met sy eie hande nie. Om wag te hou, dit is 'n teken dat u wag vir 'n vyand om 'n aanval te kom loods.

Mnr Mkhize, het u normaalweg u verkope gedoen vanuit u kamer? -- Ja, maar nie by die kamer waar ek geslaap het nie.

Het u 'n vertrek gehad wat as kroeg of as winkel ingerig is? -- Nee.

Nou waar het u dan verkoop? -- Ek het my verkope in 'n kamer wat bewoon was deur van ons mense gedoen.

Tussen watter ure het u die verkope gedoen? -- Vanaf die oggend het ek my verkope gedoen, tot die aand, want ek het 'n persoon wat ook namens my verkoop het, maar gewoonlik tussen nege-uur en tienuur, toe die ander mense van diens afgegaan het, het ek toe weggegaan, want op daardie stadium was meeste van die mense reeds bed toe.

So u gewoonlik tot so nege-, of tienuur in die aand verkoop, seker omdat die mense wat nege-uur van diens af kom, nog 'n drankie wou hê? -- Dit is so. Ja.

Is dit ook so dat u gewoonlik saans, meeste ontspanningsplekke kon ook saans die beste verkope van drank gedoen het? -- Ja, drank word gekoop.

Op die aand van 17 Junie 1992, het u soos gewoonlik u sjebien bedryf? -- Ja.

Was u ook daar tot nege-uur of tienuur om drank te kan verkoop?

**MEGANIESE ONDERBREKING (BAND DEFEKTIEF) - MET HERVATTING OP VOLGENDE KASSET 171 WORD DAAR WEER OORGESKAKEL NA KASSET 172, WAT OOK SKYN DEFEKTIEF TE WEES. VERRIGTINGE VERDER OPGENEEM**

**OP/...**

**OP KASSET 173:**

-- (GEDEELTE VAN GETUIENIS HET SKYNBAAR VERLORE GEGAAN MET OORSKAKELING NA VOLGENDE KASSETTE)... die tyd onthou wanneer het ek daar vertrek nie, maar gewoonlik ek weet van die tyd wanneer ek daar vertrek, dit is tussen nege- en tienuur.

Die plek waar u die drank verkoop sê u, ek weet nie of ek u reg verstaan nie, is dit naby die hoofingang? -- Nee, dit is nie voor die ingang nie.

Is dit naby die ingang? -- Vanaf die ingang is dit die agtste kamer.

Is dit met ander woorde naby die stadion? -- Nee, maar vanaf die kamer is die stadion sigbaar.

Daar op die aand van 17 Junie, kon u nog, of het u nog die persone wat nege-uur van diens af gekom het kon van drank voorsien? -- Nee, hy, al wat ek weet wat die inwoners betref, as hulle om tienuur die aand af diens gaan, van hulle begin opdaag om, 'n halfuur later, soos mense wat mekaar vervang, van hulle daag hulle op om tienuur.

Goed, maar laat ek dit vir u só stel, het u van die mense wat van diens af gekom het daardie aand nog van 'n drankie kon voorsien? -- Ek kon dit aan hulle verskaf.

Mnr Mkhize, was daar daardie aand 'n vergadering in die hostel? -- Nee.

As daar was, sou u daarvan geweet het? -- Ek sou goed daarvan geweet het.

Daar waar u drank gekoop is die stadion sigbaar, indien daar enige persone by die stadion vergader het daardie aand, sou u daarvan geweet het? -- Indien ek in staat sou gewees het om vir hulle te kom sien, sou ek daarvan geweet het, behalwe as hulle miskien bymekaar gekom het op die stadium toe ek

binne-in/...

binne-in die kamer was, kon ek nie vir hulle gesien het nie.

As die mense daardie aand by die sirene bymekaar geroep is, sou u dit kon gehoor het? -- Ja.

Maar u sê so iets het nie plaasgevind nie? -- Ek het dit nie gehoor nie, want wanneer daardie ding afgaan, dit gaan so af dat u dit moet hoor.

Mnr Mkhize, bly u alleen in 'n kamer? -- Nee.

Is daar enige van die beskuldigdes wat saam met u in die kamer bly? -- Ja.

Wie is dit? -- Ernest Ntombela.

Is dit beskuldigde 40? -- Ja.

Is dit al van die beskuldigdes? -- Ja, dit is al.

Ek wil u net eerstes op hierdie stadium vra oor die gebeure die oggend van 18 Junie. Dit is nou toe mnr Mthembu vir julle laat weet het dat 'n groep van Boipatong julle wil kom aanval. U sê mnr Mthembu het julle geroep. Hoe het hy julle geroep? -- As ek reg kan onthou, daardie ding het afgegaan en dit was toe 'n aanduiding dat ons word benodig daar by die stadion.

"Daardie ding", praat u van die luidspreker se sirene? -- Dit is net een ding, dit is die luidspreker.

Is dit die luidspreker wat 'n mens 'n knoppie kan druk dan maak hy 'n geluid soos 'n sirene? -- Ja.

Wat het mnr Mthembu, beskuldigde 73, presies vir julle die oggend gesê? -- Die presiese woorde wat mnr Mthembu vir ons gesê het was dat hy het reeds boodskap ontvang, "hier word ons aangeval". Ekself het toe vir hom gevra, waar kry hy die boodskap. Hy het toe gesê dat hy dit telefonies gekry het. Na bewering daar is mense by die verkeersligte.

Is dit nou die verkeersligte by die kruising daar by

die/...

die Trek-garage, op die hoeke van Frikkie Meyer Boulevard en Nobel Boulevard? -- Ja, edele, in die omgewing van die Trek-garage.

Het beskuldigde 73 gesê by wie hy die inligting gekry het? -- Nee.

Het hy gesê hoe groot die groep was wat daar by die robotte was? -- (Tussenbei)

Of liewerster, naby die garage was? -- Nee, hy het net gesê dit was baie mense.

Het hy enigsins iets gesê oor die vraag of die persone gewapen was, of nie? -- Ek het nie vir hom gevra of die mense gewapen is nie.

Nou nadat beskuldigde 7 hierdie inligting nou aan julle oorgedra het, wat het daarop gevolg? -- Daar is 'n besluit geneem dat liewer moet ons almal uitgaan, want daar, aan die binnekant, is daar vrouens en kinders en as hulle 'n aanval kom loods kan hulle vir ons, tesame met die vrouens en kinders, beseer. Liewer moet ons daar buite gaan wag. Behalwe dit was daar nêrens heen waarheen ons kon gevlug het nie, want die kampong waar ons woon is aan die binneplein van die firma, want direk agter die kampong is die firma self.

Wie het besluit dat julle nou na buite sal gaan om die persone te ontmoet? -- Ek kan sê ons was baie gewees wat hierdie besluit geneem het en ekself, het ook deelgeneem.

Het u by daardie geleentheid ook gepraat met die mense en gesê dit sal beter wees as julle die mense, die aanvallers, gaan buite ontmoet? -- Ja.

Wie het nog in hierdie verband gepraat, wie het nog gesê, "kom ons gaan die mense buite ontmoet"? -- Ek kan nie sê wie nog het die besluit geneem nie. Mnr Mthembu het wel ook

bygevoeg/...

bygevoeg dat as om aan die binnekant beserings op te doen, liewer moet ons na buite gaan en op daardie stadium die mense was opgewonde gewees, dit was net 'n deurmekaarspul.

Het die mense in die hostel julle toe bewapen? -- Ja.

Waarmee? -- Die wapens wat ons besit.

Watse wapens is dit alles? -- Kieries, knopkieries en spiese, asook skilde.

Het u toe die groep uit gelei na die robotte toe? -- Ja.

Is dit reg dat baie van die groep wat saam met u daar na die robot toe gegaan het, rooi bandjies om hulle koppe gehad het? -- Ja.

Het hulle dit aangesit toe hulle nou, julle nou besluit het om uit te gaan? -- Dit sal só beteken, want indien 'n persoon wapens gaan haal, daardie doekies moet ook saamgeneem word, dit word nie agtergelaat nie.

Kan u vir die hof verduidelik hoekom, wat is die betekenis daarvan? -- Al wat ek kan sê is om 'n persoon homself mooi laat lyk, soos wanneer 'n persoon 'n stuk leer (uitgespreek lêer) op sy kom kan vasmaak terwyl hy gewapen is, gewoonlik... (tussenbei)

Wat om... (tolk tussenbei)

TOLK: Gewapen is. -- ...en gewoonlik die Zoeloes dra dit op hulle koppe. Van hulle dra ook, sit ook die vere (uitgespreek veërs) op hulle koppe en dit is in rooi kleur.

ME DE JAGER: Is dit 'n soort militêre drag wat saam met die wapens gaan? -- Ek kan dit ook so beskou, want die koning self, volgens die Zoeloe-tradisie, indien hy sy wapens gaan neem, dra hy ook 'n stuk leer (weer uitgespreek lêer) op sy kop.

'n Stuk leer?

TOLK: Leer. (Nou "leer" uitgespreek).

ME DE JAGER: Toe julle nou die oggend van die 18de uit is om die aanval te gaan ontmoet, is julle net "Ntelezi" besprinkel? -- Nee, daar was nie meer tyd om dit te kan doen nie.

As daar tyd was, sou julle besprinkel geword het? -- Ons sou met die "Ntelezi" besprinkel gewees het indien dit duidelik kon gewees het dat ons is die persoon wat erg kwaad was.

Kan u die antwoord net verduidelik asseblief, wat bedoel u as u dit sê? -- Daardeur bedoel ek dat indien die aanvallers sou berispe gewees het om nie die aanval te loods nie en terselfdertyd ons, van ons kant, ook berispe word en dit duidelik word dat van ons mense kwaad is en nie gehoor wil gee nie, sou ons dan met die "Ntelezi" besprinkel gewees het.

Op die stadium toe julle nou daarso uitgaan - julle het nou nog net gehoor hier is 'n aanval aan die kom, wou u seker hê die manne moes kwaad wees, sodat hulle kan goed veg, indien nodig? -- Daar was twee dinge tussen ons gewees: dit was om kwaad te word asook om bang te word.

Is dit al? -- (Geen hoorbare antwoord).

Op u verduideliking van wat "Ntelezi" is, sou u glad nie op daardie stadium wou hê dat die manne nou moet afkoel en besprinkel word nie nè, voordat julle uit is by die hek nie? -- Ek verstaan nie mooi nie?

As u nou "Ntelezi" net besprinkel om mense te laat afkoel as hulle kwaad raak, dan sal u dit mos nou nie doen voordat die mense die aanvallers moet gaan ontmoet nie, nè? -- Ja, die "Ntelezi" word gebruik op 'n persoon wat berispe word.

Netnou toe ek vir u gevra het of julle besprinkel is voor julle uit is, toe het u geantwoord, daar was nie tyd nie? -- Ja.

Hoekom het u dan so geantwoord? -- Al wat ek verduidelik

is/...

is dat daar was nie meer, kans gehad vir enigeen, soos myself, om die mense te kan berispe nie, sodat hulle na hom kan luister.

Ja. Mnr Mkhize, mnr Khanyile, beskuldigde 58, is hy die sekretaris van die komitee daar by die hostel? -- By die komitee?

Ja. -- Nee, ek is nie 'n lid by die komitee nie.

Ek vra vir u of beskuldigde 58, mnr Khanyile, die sekretaris van die komitee is? -- Nee, ek kan dit nie onthou nie. Al wat ek weet wat beskuldigde 58 betref, indien daar 'n sterfgeval ontstaan het, hy is die enigste persoon na wie ons die geld neem wat ons versamel en dan skryf hy dit neer. Moontlik word hy beskou as 'n komiteelid, op daardie wyse, maar dit weet ek nie, ek ken vir hom as 'n persoon wat geld ontvang wat versamel is vir sterfgevalle.

U edele, op hierdie stadium, voordat ek met kruisverhoor voortgaan, wens ek op te handig, ingevolge die bepalings van artikel 235 van die Strafproseswet, die oorkonde van die landdroshofverrigtinge met betrekking tot hierdie saak. U edele, ek en my geleerde vriend, advokaat Botha, is dit eens dat die geheel van die oorkonde - dit is 'n baie dik stuk, nie op hierdie stadium die, die, die oorkonde nie daarmee belas hoef te word nie, dit is honderde bladsye en dat dit slegs 'n tersaaklike gedeelte is waaroor dit gaan. Die tersaaklike gedeelte u edele, waarna ek die hof wil verwys, is 'n lys van bewysstukke ingehandig in die landdroshofverrigtinge op 11 Desember 1992 en dan meer pertinent BEWYSSTUK N7, wat heet te wees 'n beëdigde verklaring van B M Mkhize, blykbaar op daardie datum ingehandig deur die destydse regsverteenwoordiger, advokaat Burger. U edele, ek is met respek van mening dat die

ophandiging/....

ophandiging my in staat stel om die inhoud van die verklaring met die getuie deur te gaan en sy kommentaar daaroor te verkry.

MNR BOTHA: U edele, ek het nie beswaar teen die inhandiging daarvan nie. Daar is op daardie stadium letterlik honderde verklarings ingehandig. Dit beteken egter nie dat daar 'n erkenning is van die korrektheid van dit wat vervat is in die verklaring nie.

HOF: (Geen hoorbare antwoord)

ME DE JAGER: Mnr Mkhize, wat ek nou voor die hof geplaas het is 'n oorkonde van die verrigtinge in die landdroshof, waarby 'n stuk ingesluit is wat heet 'n beëdigde verklaring van uself te wees. U edele, ek sal versoek dat die oorkonde as BEWYSSTUK W aanvaar word.

HOF: (Geen hoorbare antwoord)

ME DE JAGER: Ek wil 'n gedeelte van dit wat in die verklaring staan ook... (tussenbei)

HOF: Bewysstuk wat is dit?

ME DE JAGER: BEWYSSTUK W u edele. -- Voordat die staatsadvokaat voortgaan wil ek iets sê.

HOF: Nee, antwoord maar net die vrae.

ME DE JAGER: Ek wil 'n gedeelte van die inhoud van die verklaring aan u voorhou en by u hoor of dit inderdaad 'n verklaring is wat u gemaak het. Paragraaf 4 van die verklaring lui as volg:

> "Ek het vanaf 75 tot 82 by Asko Vaal as arbeider gewerk. In 1982 het ek my werk bedank en toe by Metal Box Vanderbijlpark gewerk vanaf 1982 tot 1990 as 'n bode. Ek is as gevolg van personeelvermindering na sewe jaar diens ontslaan. Ek is 'n lomp som van R15 000

uitbetaal."/...

uitbetaal."

Het u so gesê? -- Ja.

Ek vervolg met paragraaf 5:

"Ek het daarna probeer om werk van permanente aard te bekom, maar was onsuksesvol. Van die plekke waar ek aansoek gedoen het was Yskor, Premier Millings, Stewarts & Lloyds, Victor en Cape Gate. By meeste van die plekke is ek meegedeel dat hulle nie tans werk beskikbaar het nie, maar dat ek van tyd tot tyd moes teruggaan en indien 'n pos beskikbaar sou word hulle my daarvoor in aanmerking sou neem. Ek het soos baie ander werkloses ook my naam op die lys van werksoekers by die KwaZulu-verteenwoordiger te Vereeniging laat plaas. So ver was hy nog nie suksesvol om vir my werk te bekom nie."

Het u so gesê, soos in paragraaf 5 vervat is? -- Ja.

In paragraaf 6 staan:

"Ek het, ten einde myself en my familie te probeer onderhou, begin om drank by die hostel te verkoop. Hierdie drank koop ek by die Suid-Afrikaanse Brouery te Houtkop, Sebokeng. Ek verkoop reeds sedert 1990 drank in die hostel en bedryf op 'n klein skaal hierdie besigheid suksesvol."

Het u so gesê? -- Ja, maar daar is iets wat ek nie goed verstaan het nie, wat is die betekenis van die "minder", dit bedrag al dan nie?

HOF: Wat?

TOLK: /...

TOLK: Die betekenis van die woord "minder".

ME DE JAGER: Daar is nie so 'n woord nie. "Minder"? Mnr. die tolk, sal ek die paragraaf weer herhaal?

TOLK: Ja, asseblief.

(Lees verder):

> "Ek het, ten einde myself en my familie te probeer onderhou, begin om drank by die hostel te verkoop."

-- Ja.

(Lees verder):

> "Hierdie drank koop ek by die Suid-Afrikaanse Brouery te Houtkop, Sebokeng. Ek verkoop reeds sedert 1990 drank in die hostel en bedryf op 'n klein skaal hierdie besigheid suksesvol."

Het u so gesê? -- Ai, ek sal dit nie ontken nie, want dit is nou lank dat ek so gesê het.

Paragraaf 7 lees ek vir u voor:

> "Benewens drank verkoop ek ook tweedehandse klere vanaf my kamer in die hostel."

-- Nee.

(Lees verder):

> "Die klere koop ek gewoonlik aan by Raims..."

... (tussenbei) -- Ek wil vir u vra om net daar te stop. Ek dra geen kennis van dit, wat klerasie aanbetref.

Verkoop u nie klere nie mnr Mkhize? -- Ek verkoop dit.

Laat ek die sin vir u weer lees:

> "Benewens drank verkoop ek ook tweedehandse klere vanaf my kamer in die hostel."

-- Nee.

Wat is u probleem hiermee? -- Wat klerasie betref, ek

dra/...

**Collection Number: AK2672**

**Goldstone Commission BOIPATONG ENQUIRY Records 1990-1999**

***PUBLISHER:***
*Publisher:-* **Historical Papers, University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2012**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of the collection records and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection deposited with Historical Papers at The University of the Witwatersrand.